# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Doel van die ondersoek

Die probleem van onderprestasie en die nadelige gevolge wat dit vir die hui= dige gemeenskap inhou, is 'n onderwerp wat in die buiteland en in ons land toene= mende belangstelling geniet.

Omdat druipgevalle in die sekondêre skool dikwels teruggevoer kan word na on= derprestasie in die primêre skool, is dit noodsaaklik dat hierdie gevalle vroeg= tydig geïdentifiseer moet word.

Hierdie studie word onderneem om 'n oplossing te probeer vind vir die probleem van onderprestasie en 'n druippunt in wiskunde gedurende die junior-primêre fase. Dit is veral die doel om aan te toon dat kognitiewe faktore 'n belangrike oor= saak van leerprobleme in wiskunde is.

Op ongeveer sewejarige ouderdom is daar 'n belangrike oorgang in die denke van die kind, nl. die oorgang van die voor-operasionele na die konkreet-operasio= nele fase. In die onderhawige studie sal aangetoon word dat leerlinge wat nog nie die konkreet-operasionele denkvlak bereik het nie, leerprobleme in wis= kunde ondervind ondanks die feit dat hulle oor 'n gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie beskik. Die doel is dus om aan te dui dat leerlinge met leer= probleme in wiskunde, op 'n laer denkvlak is as leerlinge wat nie probleme in hierdie vak ondervind nie: So 'n bevinding sal noodwendig impliseer dat ten spyte van 'n kwantitatiewe ooreenkoms in intellektuele vermoë, daar wel 'n kwa= litatiewe verskil in die denkontwikkeling bestaan tussen leerlinge met leer=

probleme in wiskunde en leerlinge wat 'n goeie begrip en vordering in hierdie vak toon.

Onderprestasie hou dikwels ernstige sosiale en persoonlikheidsimplikasies vir die betrokke leerlinge in. Hulle frustrasies kom dikwels tot uiting in anti-sosiale of aggressiewe gedrag.

Dát die probleem ook vir die Transvaalse Onderwysdepartement van die uiterste belang is, spreek veral uit die volgende positiewe stappe wat geneem word om die probleem die hoof te bied:

(i) Onderwysers/esse word opgelei in remediërende onderwys;

(ii) oriënteringskursusse in remediërende onderwys word aangebied;

(iii) nie net die getal kliniese sielkundiges en assistent-sielkundiges is uitgebrei nie, maar in Januarie 1973 is daar ook beroepsleiers en ortodidaktici aangestel;

(iv) gedifferensieerde onderwys waardeur leerlinge in verskillende be= langstellingsrigtings geplaas word, word aangebied.

Daar is in hierdie stadium ook 'n paar hulpklasse in sekere komprehensiewe een= hede gestig om hulp te bied aan leerlinge met spesifieke leerstremminge, en nog verdere hulpklasse word in 1975 in die ander komprehensiewe eenhede in die vooruitsig gestel. Hierdie klasse bestaan uit leerlinge van gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie.

### 1.2 Program van ondersoek

Om hierdie doel te bereik, is dit nodig om te weet wat die huidige siening is van die oorsake van leerprobleme in die algemeen. Daarom word die oorsake van leerprobleme in hoofstuk 2 bespreek.

Die oorsake van leerprobleme in wiskunde kan veral in twee kategorieë ingedeel word: eerstens ondervind leerlinge leerprobleme in wiskunde ten spyte daarvan dat die leerstof wat aangebied word binne die grense van die denkontwikkeling van die kind val; tweedens ondervind leerlinge leerprobleme in wiskunde omdat die leerstof nie rekening hou met die denkontwikkeling van die leerlinge nie. Die eerste verskynsel sal breedvoerig in hoofstuk drie bespreek word. Die oorsake wat in die tweede kategorie ingesluit word, is uiteraard afhanklik van kennis van die kognitiewe ontwikkeling van die kind. Hierdie aspek word in hoofstuk 4 bespreek, terwyl die oorsake van leerprobleme, te wyte aan die feit dat die leerling nie die konkreet-operasionele denkvlak bereik het nie, in hoofstuk 5 aan die orde kom.

In hoofstuk 6 word die metode van ondersoek bespreek en in die daaropvolgende hoofstuk volg 'n ontleding van die resultate van hierdie ondersoek.